

**SONDAG 13 Jul 2003**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**AANDDIENS**

**LITURGIE**

<b><u>WIE</u></b>	<b><u>WAT</u></b>	<b><u>DETAIL</u></b>	<b><u>BORD/MUSIEK</u></b>
	Lof-en-aanbidding		
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Mat 6:5-15 Teks: 6:14-15	Skrif
Liturg	Preek	Hoe weet jy dat jy regtig iemand vergewe het?	Skrif
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Liedere	LB245:1-3 “Ek wat vergifnis Heer ontvang het”	
	Seën		

# PREEKSKETS

Verwerking van:

*Keys to Forgiving*

*Lewis B. Smedes*

*Lewis B. Smedes is professor emeritus of theology and ethics at Fuller Theological Seminary and author of The Art of Forgiving: When You Need to Forgive and Don't Know How (Ballantine).*

*How do you know that you have truly forgiven someone?*

—Holly Beran, Aurora, Colorado

Hoe weet 'n mens of jy regtig iemand vergewe het?

- Dis maklik om te sê: ek vergewe jou.
- Dis maklik om te sê ek het so en so vergewe.
- Maar het ek regtig vergewe?
- Hoekom dink ek nog soms daaraan?
- Hoekom kry ek dit nie reg om dit wat hy/sy aan my gedoen het te vergeet nie?
- Kan 'n mens regtig vergewe en vergeet?

Hierdie is alles baie belangrike vrae.

- Want dit is uiters belangrik om mense te vergewe.
- Want Jesus sê: as ons ander mense nie vergewe nie, sal Hy ook nie vir ons vergewe nie.

## 1. VERGIFNIS IS 'N DAAD VAN GENADE TEENoor IEMAND WAT JOU BENADEEL OF GEWOND HET

- Slegs mense wat ons benadeel/gewond het kan vergewe word
- As dit iets is wat iemand onbewustelik of per ongeluk gedoen het, gaan dit nie oor vergifnis nie.
- Dan moet ons hulle doodgewoon verskoon.
- Vergifnis gaan daarvoor om iemand wat my doelbewus benadeel/seergemaak het vry te spreek.
- Jy kan net iemand vergewe wat jy kan blameer vir iets.

## 2. VERGIFNIS SLUIT 3 BASIESE AKSIES IN:

1. Ek doen afstand van my reg om jou terug te kry.

- Jy het my seergemaak.
- Jy het my benadeel.
- Ek het die reg om jou net so seer te maak.
- As ek jou net so seermaak sal die skaal balanseer.
- Dan is ons “even” of “quits”

- Vergifnis beteken om afstand te doen van die reg om jou net so seer te maak.
- Ek gaan nie probeer om die skaal te balanseer nie.
- Ek oorhandig dit aan God.
- En dit beteken dat ek vrede maak dat die skaal nooit sal balanseer nie.

## 2. Ek herontdek die menslikheid van die persoon wat teen my oortree het.

- Die oomblik as iemand iets verkeerd teen my gedoen het, vind daar 'n baie eienaardige ding plaas.
- Hoofsaaklik onbewustelik.
- Ek maak 'n karikatuur van hierdie persoon.
- Ek onthou hom net vir dit wat hy verkeerd gedoen het.
- As hy gesteel het, onthou ek hom net as 'n dief.
- As my man my verneuk het, onthou ek hom net as 'n egbreuker.
- Vergifnis beteken dat ek myself herinner dat hierdie persoon ook goeie eienskappe het.
- Hy is 'n gewone mens soos ek
  - Hy kry ook seer
  - Hy kan ook jammer wees.
  - Hy maak ook foute
  - Hy is ook verward
- Is dit nie wat die Here met ons doen nie?
  - Hy sê vir die vrou in Joh 8 wat op egbreuk betrap is nogsteeds “mevrou”
  - Hy behandel die vrou in Joh 4 wat al 4 keer getroud was en nou saam met 'n man bly nogsteeds met die grootste respek.
  - Hy noem ons ten spyte van al ons sonde nogsteeds “Sy kinders”
  - Hy noem ons ten spyte van ons sonde nogsteeds “Sy dissipels”
- Vergifnis is om nie net die slegte eienskap/oortreding raak te sien nie maar ook die goeie eienskappe.

## 3. Ek wens vir my oortreder voorspoed.

- Ek oorhandig nie net die reg om te vergeld nie.
- Ek sien nie net die goeie eienskappe in hom raak nie.
- Ek wens hom selfs voorspoed.
- Die Bybelse woord: Ek seën hom.
- Dis mos wat Jesus gesê het: “Seën julle vervolgers” (Mat 5:44)
- Is dit nie wat die Here vir ons doen nie?
- Hy probeer nie o die skaal te balanseer nie.
- Hy sien net ons oortredings raak nie.

- Hy seën ons met die beste wat Hy het.
- Hy sorg selfs elke dag vir ons.

### 3. VERGIFNIS NEEM TYD

Ek onthou my eerste maand van bediening in 'n gemeente (Richardsbaai)

- Sien 'n paartjie wat kwaad is vir mekaar.
- Staan op die punt om te skei.
- Ek kan onthou dat ek probeer het om hulle in daai uur van berading met mekaar te versoen.
- Ek laat hulle mekaar se hande vashou en vir mekaar belowe dat hulle mekaar sal vergewe.
- Ek laat hulle elkeen net daar bid vir die ander een.

Weet julle wat se fout het ek gemaak?

- Ek het vergeet dat vergifnis tyd vat.
- Dit gebeur nie in een uur nie.
- Dit gebeur nie in die dominee se studeerkamer nie.
- Dit vat tyd.
- Dis 'n proses.
- Dit kan maande of selfs jare neem om te vergewe.
- Hierdie ouens wat sommer so vinnig sê "ek vergewe jou" weet nie wat vergifnis is nie.
- Dis 'n lang en moeilike proses.

Just before he died, C.S. Lewis wrote: "I think I have *at last* forgiven the cruel schoolmaster who so darkened my youth. I had done it many times before, but this time I think I have really done it." Maybe, had he lived longer, he would have had to do it again.

- Jy kan nie jou man vergewe terwyl die egskeiding nog besig is nie.
- Jy kan nie die ou wat jou kind raakgery het vergewe terwyl die hofszaak nog aan die gang is nie.
- Dit vat tyd.
- En dit gebeur stukkie vir stukkie.

### 4. VERGIFNIS BETEKEN NIE OM TE VERGEET NIE

Die Here sê in Jes 43:25

*"Ek dink nie meer aan jou sondes nie"*

Beteken dit dat die Here totaal vergeet van alles wat iemand verkeerd gedoen het?

‘N Soort geheueverlies oor die spesifieke saak?

- Het Hy heeltemal vergeet dat Petrus Hom verloën het?
- Nee, dit beteken doodeenvoudig dat hy Petrus behandel asof Hy vergeet het van alles wat hy gedoen het.

Daar is ou gesegde wat sê: “vergewe en vergeet”

- Kom ons wees eerlik: dis onmoontlik om sulke dinge te vergeet.
- Dis onmoontlik om te vergeet dat my man my verlaat het vir ‘n ander vrou - hoe kan ‘n mens dit ooit vergeet?
- Maar dis moontlik, om, al onthou ek dit, dit nie vir altyd teen hom te hou nie.
- Om hom te behandel asof ek vergeet het van wat hy gedoen het.

Vergifnis betek nie om geheueverlies te kry nie.

Dit beteken om dit wat ek onthou, nie as ‘n wapen te gebruik nie.

## **5. IDEALISTIES GESIEN LEI VERGIFNIS TOT VERSOENING**

Dit sou wonderlik wees as alle mense wat mekaar vergewe kan versoen met mekaar.

- As ons na die tyd kan hande skud.
- Selfs vriende word.
- Daar is wonderlike voorbeelde hiervan
- [ Vrou voor WVK wat polisieman wat haar kind doodgeskiet het aanneem as haar seun ]

Maar dikwels lei vergifnis nie noodwendig tot versoening nie.

- Ek kan iemand vergewe en vryspreek.
- Sonder dat hy van sy kant af ooit die behoefte het om met my te versoen.
- Hy kan dalk nogsteeds vere voel vir my.

En dan is daar vergifnis van my kant af, maar daar is nie versoening tussen ons twee nie.

- Dikwels is dit die geval...
  - ...na ‘n egskeiding
  - ...na ‘n rusie
  - ...na ‘n hofbevel

Dikwels moet ons hiermee saamleef.

Ek kan natuurlik aanhou bid vir die persoon sodat ons ten volle kan versoen.

## **6. VERGIFNIS KOM NATUURLIK VIR MENSE WAT WEET DAT HULLE SELF VERGEWE IS.**

- ‘n Mens kan net regtig vergewe as jy heelyd in jou hart onthou dat die Here jou vergewe het.
- Dis waarskynlik die rede waarom Jesus ons leer om te bid: “Vergewe ons ons oortredings soos ons ook die mense vergewe wat teen ons oortree.”
- Dit is amper onmoontlik dat mense wat vergewe is, nie ander ook sal vergewe nie.

- En daarom as ons sal weier om te vergewe, kan ons nie aanspraak maak op God se vergifnis nie.
- En natuurlik kan ons nooit volkome vergewe soos God nie.
- Ons is mense, en ook ons vergifnis sal altyd gebroke wees.